# Vlamvat!

**kommunikasie**

# Iets Nuu(†)s

*Efesiërs 4:16*
*Hy is immers die Hoof, en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.*

## 8 Maart 2020

### WAT IS 'N WAPENDRAER? Sam 14:1-13



In outestementiese tye was die konings die leer-aanvoerders wat die volk in oorlog gelei het. Uiteraard was hulle strategiese teikens vir hulle vyande. As 'n koning uit aksie gestel kon word, sou sy leer moed verloor en uit-mekaar spat. Konings het dus dikwels uit hulle dapperste, mees toegewyde soldate wapendraers aan-gestel om groot skilde te dra om hulle teen die vyand se aanvalle te beskerm.

Die opsigtelike leiers van die Gemeente – veral die leraar(s) – is teikens vir satan se aanval (Lukas 22:31-34). Die Leraar(s) gee die pas aan en karteer die rigting vir die gemeente (1 Tim. 4:12) terwyl hy/hulle 'n lewe van godsvrug modelleer (Hosea 4:6-9 en Lukas 6:40). Gemeentes groei nie maklik verder as die gebedsmodel wat deur hulle leraar(s) gestel word nie.

### HOEKOM 'N WAPENDRAER?

**Romeine 1[illegible] siërs 6:19; Kolossense 4: 3; 1 Tes 5:25; 2 Tes 3:1 en Hebreërs 13:18**



***Die Verband tussen Wapendraers, Gemeenteleiers, Leraars en die Gebede van Lidmate***

Soos wat die leëraanvoerders staatgemaak het op hulle wapendraers om die skilde op te lig en die vyand se pyle af te keer, so steun die leraar(s) en ander gemeenteleiers op die gebede van God se mense om hulle teen die "brandpyle" van die bose te beskerm (Ef. 6:16). Die apostel Paulus pleit by christene om vir hom te bid

### Inligting:

**Gereformeerde Kerk Sasolburg.** h/v Faickney en van Eckstraat

| | |
|---|---|
| **Leraar:** | **Marcel Floor 0828285811** |
| **Admin**: | Colleen Koekemoer – 016-976 5094 / 082 855 4769: admin@gksasolburg.co.za |
| **Webblad:** | www.gksasolburg.co.za |
| **Barmhartigheid:** | Semone Pienaar 0846426597 epos semone1grobler@gmail.com |
| **Geboue:** | PJ Gouws – 079 492 8404 |
| **Koster**: | Sandra vd Sandt 083 457 8904 |
| **Omgeekantoor:** | Ma-Vry 9:00-12:00 016 976 7785 epos: omgee@gksasolburg.co.za |

***DIENSBEURT: BLOK A***
**Kollekte ONDER DIENS**: Barmhartigheid
**Kollekte by DEURE**: Thusofonds

## MEELEWING

- Johan en Martie Hamman (0829245519) se susterskind het probleme met haar gesondheid en is tans in Pretoria in die hospitaal.
- Leendert Floor het verlede Sondag geval en sy heup baie seer gemaak. Ons vertrou hy sal sommer vining herstel.
- Elna Kriel 908235884320 het gaan steeds deur 'n moeilike tyd en ons gebede is ook steeds met haar
- Marten Boersema (Teologiese student) word eersdaags bevestig as ouderling in die gemeente in Potchefstroom. Ons bid hom God se rykste seen toe,
- Ons vra ook voorbidding vir liefdevolle verhoudings in die gemeente.

# Woordbediening

**Rom. 11:33-36 (83 AV)**
**Kernverse: Rom. 11:36 (83 AV)**
***Uit Hom en deur Hom en tot Hom***
***Is alle dinge. Aan Hom behoort die***
***Heerlikheid tot in ewigheid! Amen***

**Tema: Ons bestaan in die eerste plek vir God se eer!**

1. Inleiding:
   a. Hoekom bestaan jy?
   b. Hoekom het God jou in die eerste plek gered?
   c. Hoekom is jy deel van hierdie gemeente?
   d. Hoekom bestaan ons gemeente hier in Sasolburg en in die Vaal-Driehoek?
   e. Waarom is ons besig met die Vlamvat proses?
2. As jy vir mense sou vra, hoekom hulle bestaan, of hoekom hulle dink hulle bestaan... dan sal jy baie verskillende antwoorde kry...
3. Ook as jy vir gelowiges sou vra... "waarom dink jy het God jou gered?"... dan kry jy baie verskillende antwoorde...
4. Ook as mense oor ons as gemeente of ander gemeentes redeneer, en hoekom ons hier in Sasolburg bestaan en in die Vaal-Driehoek geplaas is... dan kry mens 'n klomp idees...
5. Ander het darem al bietjie verder beweeg... en besef ons moet ook na buite gerig wees... ons moet uitreik...
6. Die primêre rede waarom ons bestaan, en waarom God ons gered het, en waarom ons as 'n gemeente hier bestaan – God se eer!
7. Ons fokusverse leer dit vir ons – daar staan: *Uit Hom en deur Hom en* ***tot Hom is alle dinge***. (v. 36)
   a. Ons bestaan uit God, deur God en vir God – om Hom te eer.
   b. Ons is ook gered uit God, deur God en vir God – vir sy eer. (vgl. Jes. 48:9&11, Ps. 23:3, Eseg. 36:22-32, Matt. 6:9, 1 Pet. 2:9, ens.)
   c. Jy is in hierdie gemeente in die eerste plek vir God se eer en ter wille van sy Naam.
   d. Ons gemeente bestaan in Sasolburg allereers vir God en sy eer!
8. Ons sondige nietige mensies kan maklik hierdie een feit uit die oog verloor.
   a. Toets jou eie motiewe eerlik.
9. GK Sasolburg se missie of hoofdoel beklemtoon dat ons as gemeente bestaan vir God se eer.
10. Fondament van die Vlamvatproses – God bo alles ons passie. Alles gaan oor God en Sy eer!




**GEREFORMEERDE KERKE VAN SA SE EIE TV PLATVORM**

## JONGMENSE-AKSIE – 19 MAART

Die Jongmenesaksie wat in die jaarprogram geskeduleer is vir die 20ste, **skuif na die 19de Maart.** Die rede hiervoor is dat Marten Boersema saam met ons die aksie kan bywoon ter afsluiting van sy tyd hier. Dit begin 18:00 en ons gaan vooraf eers by Ons Gryse Jeug 'n draai maak om net so bietjie ons omgeehart met ons medemens te deel! Die wat kinders het, hoef ook nie bekommerd te wees nie – ons sal sorg. Bring net 'n drink ding. RSVP by Angie (081 550 4276) voor die 15de Maart. Bring gerus 'n pel saam!

## VERJAARSDAE

| Verjaar | Noemnaam | Van | Lidmaatstatus | Landlyn | Selfoon |
|---|---|---|---|---|---|
| 03/08 | Johan | Strydom | Belydend | 0169732571 | 0829266085 |
| 03/09 | Zandré | Cronjé | Belydend | | 0768651947 |
| 03/11 | Oosie | Oosthuizen | Belydend | 0169732967 | 0823396374 |
| 03/14 | Alishia | Kirsten | Doop | 0169733839 | 0846453963 |